SONDAG 5 Jan 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

WIE	WAT	DETAIL	BORD/MUSIEK
	Lof-en-aanbidding		
	Gebed		
Hannes	Lof en aanbidding		
	Voorlesing		
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Deut 7:1-11	Skrif
Liturg	Preek	Aanbidding in die Bybelse tyd...	Skrif
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe		
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	Hemelvader (2x)	
	Seën		

PREEKSKETS

(Bron: Daily life in Bible times, Nelson, 1980, p171vv)

HOE VOEL HULLE OOR DIE GOD WAT HULLE AANBID?

- Deut 7:6 “Jy is ‘n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees.”
- Nie omdat hulle iets gedoen het nie - net o.g.v. Sy liefde (Deut 7:6)
    - Daarom: God getrou aan verbond (v9)
    - Vernietig hulle vyande (v10)
    - Seën hulle met goeie oeste (v13)
    - Neem hulle siektes weg (v15)
- In reaksie:
    - ‘n Dankbare volk.
        - Ps 92:1-2 “Dit is goed om die Here te loof, om U Naam te besing, Allerhoogste, om elke môre van U liefde te getuig, en elke aand van U trou....”
    - Staan in verwondering (awe)
        - Spreuhe 1:7
- Belangrik:
    - God het groot dinge gedoen (wat hulle kon sien)
        - bv Sara se baba in hoë ouderdom
        - Isak se lewe gespaar
    - Hulle het nooit vir God self gesien nie

Dus aanbidding: om uitdrukking te gee aan “dankbaarheid” en “verwondering”

AANBIDDING VOOR DIE TYD VAN MOSES

Eerste duidelike aanduiding: Gen 4:2-7

> *“Abel was ‘n veeboer en Kain ‘n saaiboer. Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land ‘n offer aan die Here gebring. Abel het dit ook gedoen, van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, maar nie vir Kain en sy offer nie.”*

- God erken aanbidding
    - God het gepraat (4:6)

- God het opgetree (4:4-5)
- God is fokuspunt van aanbidding.
  - Weet nie of mense gepraat het nie.
  - God het wel
  - En God het reageer.
- Aanbidding het 2 kante
  - Dankbaar heid dat God in die verlede voorsien het
  - Geloof dat God in die toekoms sal voorsien.

Aartsvaders :

- rig klip altare op en bring offers.

  Gen 8:20, Gen 12:7-8
  Altaar beteken: “Plek van slagting”

- rig steenmonumente op

  - Jakob se klip-kussing by Bet-el (Gen 28:18-22)
  - Bet-el = “Huis van God”

- Heilige bome

  - Gen 12:6 Abraham trek tot by die groot waarseêrboom - daar verskyn God aan hom.

- Heilige putte

  - Gen 16:14 Hagar noem die fontein Lagai-Roi-fontein.

Geen formele priesterdom

- Lees wel van die priester van Melgisedek (Gen 14:17-20)
- Afkoms totaal onbekend.
- Interessant: Abraham het so-pas ‘n oorwinning behaal en sy mense bevry.
- Bou nie ‘n altaar nie.
- Bring nie ‘n offer nie/
- Gee ‘n tiende aan Melgisedek.

- Aartsvaders tree self op as priesters.
  - Spontaniëteit
  - Blootgestel aan weer: altare oop (brand is NB)
  - Slegs klein handjie vol mense aanbid saam - dus nie nodig vir geskeduleerde byeenkomste nie.
  - Aanbid wanneer situasie dit veroorsaak/vra

AANBIDDING IN TYD VAN MOSES

Moses lei nuwe tyd van aanbidding in.

Aanbiddingsplek

- Moses op berg - ontvang twee belangrike dinge:
    - Wet
    - Planne vir ‘n heiligdom
        - Voorskrif: Ex 27:1-3
        - Meer permanente altaar kom tot stand.
        - Ander materiale.
        - Ander bybehore.
        - Elkeen wat die Here soek, gaan na die tabernakel.
        - As Moses ingaan in die tabernakel, het al die mense opgestaan totdat hy in die tabernakel verdwyn het. (Ex 33:7-10)
        - Moses praat met God in die tent.
        - Wolkkolom voor tent (dui op God se teenwoordigheid)
- Moses word die middelman/middelaar tussen God en mens.
        - Moses nie werklik ‘n priester (Eeue later wel so genoem Ps 99:6)
        - Slegs middelman.
        - Tog vins priesteramp sy oorsprong hier.

Priesterdom

Op hierdie punt ontstaan ‘n priesterdom.
God beveel Moses om sy broer Aaron as eerste priester aan te stel (Eks 28:1)

- Priesters van begin af uit stam van Levi.
- Reeds verskillende soorte priesters:
    - Aaron aangestel as hoëpriester en seuns as priesters. (Lev 21:10)
    - Aaron kry spesiale kleed (Eks 28:4, Lev 8:7-9)
    - Na Aaron se dood word ie kleed oorhandig aan Eleazer, sy oudste seun.

Hoëpriester:

- Belangrikste funksie: Groot versoeningsdag
- Sprinkel bloed op altaar in tabernakel.
- Strenger reëls vir reinkeid an priester (Lev 21:10-15 en 4:3-12.
- Neem ook deel in aktiwiteite van priester.

Priester:

- Raad oor offers.
- Raad oor mediese aangeleenthede (Lev 13:15)
- Raad oor regs-aangeleenthede (Deut 17:8-9)
- Slegs priesters spreek seën uit in Naam van die Here (Num 6:22-27)
- Blaas trompette om volk op te roep tot oorlog of feeste (Num 10:1-10)
- Ouderdom: slegs 25-50
- Na 50: slegs assistente.

Offersisteem

- Brandoffers: alles word uitgebrand
- Graanoffers: in plaas van vleis
    - deeg (Lev 2)
        - gebak in oond
        - gebraai op rooster
        - gebak in pan
        - ens
- Vrede-offers
- Sonde-offers

Rituele jaar

- Sabbat
- Paasfees en fees van ongesuured brood
- Fees van die weke
- Huttefees
- Groot versoendag

Ten slotte:

1. Aanbidding verander deur die jare

2. Gee uitdrukking aan...
    - dankbaarheid
    - verwondering